- Vermyn velkontak deur beskermende oorklere te dra wanneer die produk gemeng word.
- Was met seep en water na gebruik en na toevallige velkontak; so ook die besoedelde klere.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermyn wegdrywing van die spuitnewel op ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer om oor die spuit-of mengtenk en laat dit dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n drup verlangsaam het. Spoel daarna die leë houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk.
- Vernietig die leë houer en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.
- As **SIGNET 915 EC** met ander middels in tenkmengsels gebruik word, moet die gebruiksaanwysings van die betrokke produk gevolg word.
- Moet nie **SIGNET 915 EC** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of mengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op die etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge ervaar indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Sedasie (kalmerend), sukkel met asemhaling en uitpeul van oogbol.

NOODHULPBEHANDELING

Ingesluk: As vergiftiging vermoed word, **verkry onmiddellik mediese hulp**. Verwyder die pasiënt van verdere blootstelling aan die produk en plaas hulle in 'n goed geventileerde area. Indien die stof ingesluk is dien vinnig 'n groot hoeveelheid melk, eierwit, gelatienoplossing, of indien hierdie nie beskikbaar is nie, groot hoeveelhede water aan die pasiënt toe. Moenie braking induseer of enige iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.

Oogkontak: In die geval van oogkontak hou ooglede oop en was uit met 'n bestendige, ligte straal water vir ten minste 15 minute.

Velkontak: In die geval van velkontak was met baie seep en water.
Raadpleeg 'n geneesheer indien irritasie voortduur.

NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel is bekend nie. Behandel simptome en ondersteunend. Indien ingesluk, induseer braking of maagspoeling. Dien 'n waterige mengsel van geaktiveerde houtskool toe.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandbestuur is **SIGNET 915 EC** 'n groepkode K3 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SIGNET 915 EC** of enige ander groepkode K3 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **SIGNET 915 EC** of enige ander groepkode K3 onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe en herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkengsels van, geregistreerde produkte in verskillende onkruidoddergroepcodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers derhalwe gemaan om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling nie doeltreffend is as gevolg van die gebruik van **SIGNET 915 EC** soos aanbeveel nie, mag 'n weerstandbiedende ras teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende ras positief geïdentifiseer word, moet oorweging daaraan geskenk word vir die onmiddellike gebruik van 'n onkruidodder met 'n ander metode van werking, waarvoor daar geen rekord van weerstand teen die betrokke onkruid is nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS: MIELIES EN SUIKERMIELIES

- Moet nie **SIGNET 915 EC** op swak gedreineerde grond of grond met 'n kompaksielaag toedien nie. Die onkruidodder mag tydens versuip-toestande skade aan gewasse veroorsaak.
- Moet nie **SIGNET 915 EC** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien **SIGNET 915 EC** slegs met behulp van akkurate en veilige toedieningstegnieke toe.
- As **SIGNET 915 EC** met ander middels in tenkengsels gebruik word, moet die gebruiksaanwysings van daardie betrokke produkte gevolg word.
- Moet nie **SIGNET 915 EC** toedien indien nat en koue toestande na 'n bespuiting verwag word nie. Dit kan gewasskade veroorsaak.
- Gebruik die laer dosisse op ligter gronde en waar die onkruidpopulasiedruk laag is.
- Moet nie op ingeteelde oerplante van mieliebasters toedien nie. Raadpleeg in 'n verteenwoordiger van Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk., die verspreider of die saadverskaffer.

Geeluintjie (*Cyperus esculentus*) beheer

- Optimale onkruidbeheer word verkry op 'n fyn, egalige en ferm saadbed.
- **SIGNET 915 EC** sal ook verbeterde onkruidbeheer (geeluintjie) gee na 'n deeglike skaarploegbewerking onmiddellik voor plant.
- Indien **SIGNET 915 EC** toediening opgevolg word met minstens 10 - 20 mm sagte deurdringende reën (of besproeiing) om **SIGNET 915 EC** in die grond in te loog voor die opkoms van *C. esculentus* (gewoonlik 7 - 10 dae na deeglike grondbewerking), kan onkruidonderdrukking verbeter word. Hierdie toestande sal gewoonlik tydens die laaste helfte van die plantseisoen voorkom. Meer reën of besproeiing is op swaarder gronde nodig om goeie resultate te verkry. Om hierdie rede is beheer soms baie swak op turfgronde.
- Reënval na 'n **SIGNET 915 EC** toediening, maar voordat *Cyperus esculentus* opkom is noodsaaklik vir optimale *Cyperus esculentus* beheer. Gevolglik moet **SIGNET 915 EC** tydens of onmiddellik na die plantproses in klam grond toegedien word.
- Wanneer in droë grond geplant word (onvoldoende vog om *Cyperus esculentus* te laat ontkiem) moet die toediening van **SIGNET 915 EC** uitgestel word tot so na as moontlik aan, maar beslis voor, die eerste reën.

Beesgras en Bosveldbeesgras beheer (*Urochloa* spp.)

Urochloa spesies ontkiem baie vlak, en in gevalle waar geen- of minimumbewerking plaasvind, mag swak beheer van die grasse verkry word weens die vlak ontkieming op die grondoppervlak, asook die gebrek aan inwerking van die saad in die grondprofiel.

METODE VAN WERKING

Grasdoders wat deel uitmaak van die chloorasetamiedgroep van onkruidodders (wat **SIGNET 915 EC** insluit) word deur die koleoptiel van grasonkruid opgeneem. Daarom, vir goeie grasbeheer, is dit nodig dat die onkruidoder teen dodelike konsentrasies in die boonste ± 50 mm van die grondprofiel teenwoordig moet wees. Die adsorpsie kapasiteit van die grond vir hierdie onkruidodders, asook die hoeveelheid water wat deur die grondprofiel met reën/besproeiing beweeg, bepaal die gevolglike konsentrasie van hierdie onkruidodders in die boonste lae van die grondprofiel. As gevolg van die lae adsorpsiekapasiteit van sandgronde (0 - 15% klei, <1% organiese materiaal) sal die dosis van hierdie onkruidodders tot sub-letale konsentrasies in die boonste ± 50 mm verlaag word na die voorkoms van deurdringende reën (25 mm en meer binne een dag). Aanhoudende reën (50 mm en meer versprei oor 3 - 7 dae) sal dieselfde resultaat hê. Daarom, kan dit gebeur dat grasse ontkiem indien sulke weerstoestande voortduur. 'n Splittoediening (soos aanbeveel in Tabel 3) word aanbeveel indien **SIGNET 915 EC** op sulke gronde gebruik word. Deurdringende en/of aanhoudende reën na die splittoediening sal dieselfde resultaat hê.

Raadpleeg die **Atrazine 900 WG** etiket vir bykomende inligting.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg dan die benodigde hoeveelheid **SIGNET 915 EC** by terwyl die water in die tenk geroer word. Vul die spuittenk verder met water totdat die verlangde volume verkry is. Wanneer **SIGNET 915 EC** in die spuittenk met ander produkte soos aanbeveel vermeng word, moet die oplosbare konsentrate eerste by die water gevoeg word. **SIGNET 915 EC** moet dan laaste bygevoeg word net voordat die verlangde volume in die spuittenk bereik word.

Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend in roering gehou word. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van toediening.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **SIGNET 915 EC** met ander produkte hang van die formulerings van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Deurdat formulerings van tyd tot tyd verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets uit te voer voordat die tenkmengsel gemaak word. **SIGNET 915 EC** is verenigbaar met **Atrazine 900WG** (L 8890), **Cyclone** (L 8880), **Cyclone Elite** (L 8881), **Torpedo SC** (L 7655) en **Trooper SL** (L6806).

TOEDIENINGSMETODES

Verseker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld gedurende toediening nagegaan word om egalige en akkurate toediening te verseker. Enige medium of hoë volume spuittoerusting mag gebruik word. 'n Spuitvolume van ten minste 200 l/ha moet gebruik word vir grondtoediening en dit kan met platwaaierspuitpunte toegedien word, verkieslik die lae-dryf tipe om fyn druppels te voorkom. Gebruik 30 l/ha vir lugbespuiting. Konstante roering deur die hele spuitoperasie is noodsaaklik. Gebruik slegs skoon water.

Grondtoediening:

SIGNET 915 EC kan met enige behoorlike gekalibreerde medium of hoë volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is, toegedien word. Die keuse en rangskikking van die waaertipe-spuitpunte moet sodanig wees dat 'n egalige verspreiding en optimale herwinning van die onkruidoder verkry word. Die aanbevole hoeveelheid **SIGNET 915 EC** moet in ten minste 200 l water/ha toegedien word.

Na-plant vooropkoms:

Wanneer in klam grond geplant word, moet **SIGNET 915 EC** binne drie dae na plant (maar verkieslik tydens plant) op 'n fyn, egalige, ferm en vars voorbereide onkruidvrye saadbed toegedien word. Om goeie resultate te verkry, is dit noodsaaklik dat die onkruidtoediening deur reën of besproeiing opgevolg word, voordat die onkruid opkom. Indien reën nie betyds voorkom nie, en die onkruid begin opkom en ontwikkel, moet 'n vlak grondbewerking uitgevoer word om hierdie onkruid te vernietig en die onkruidodder met die boonste 10 - 20 mm grondlagie te vermeng.

Wanneer in droë grond (onvoldoende vog vir ontkieming) geplant word, moet **SIGNET 915 EC** so na as moontlik aan, maar beslis voor die eerste reën toegedien word. Onkruid wat reeds met toediening opgekom het, sal nie deur **SIGNET 915 EC** beheer word nie.

Voorplant ingewerk (slegs mielies)

Om beter betroubare beheer van *C. esculentus* te verkry, kan **SIGNET 915 EC** vlak in die grond voor plant ingewerk word. Hierdie inwerking kan met 'n Kongskilde Triple K, 'n Fieldspan wydwerkskoffel of 'n soortgelyke werktuig gedoen word. In al die bogenoemde gevalle moet 'n roller agter die werktuie geheg word. Die werkdiepte van die werktuie behoort 75-100 mm te wees sodat doeltreffende inwerking in die boonste 37- 50 mm grond plaasvind. Ten einde te verseker dat goeie vermenging van die **SIGNET 915 EC** met die grond plaasvind, moet die inwerking teen 'n spoed van 9 - 11 km / uur geskied. Deeglike aanvanklike saadbedvoorbereiding moet die inwerking van **SIGNET 915 EC** voorafgaan. Die inwerking van **SIGNET 915 EC** gedurende die laaste helfte van die plantseisoen word nie aanbeveel nie, aangesien vooropkomstoediening bevredigende resultate behoort te lewer.

Alhoewel die inwerking van **SIGNET 915 EC** meer betroubare beheer van *C. esculentus* gedurende die eerste droër deel van die plantseisoen sal verseker, word reën steeds benodig om die bogrond nat te kry sodat **SIGNET 915 EC** deur die grond opgeneem kan word. Minder reën is egter nodig as na 'n vooropkomstoediening na-plant.

Na-opkoms van die gewas (mielies, suikermielies)

SIGNET 915 EC het 'n beperkte na-opkoms werking. Dit kan egter na-opkoms van die gewas onmiddellik na 'n skoffelbewerking toegedien word, mits onkruid nie aanwesig is nie. Onkruid wat aanwesig is en nie deur die skoffelbewerking vernietig word nie sal nie beheer word nie.

Lugtoediening (Voor- en na-opkoms)

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik dat die volgende criteria nagekom word;

Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teiken sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60% -75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels binne- in die vlerkpuntvorteks te beperk.

Toedieningsvereistes

- 'n Minimum volume van 30 l spuitmengsel per ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 20 - 30 druppels (vooropkoms) en 30-40 (na-opkoms) per vk cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 - 400 (vooropkoms) en 300-350 (na-opkoms) mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, dié wat kleiner as 150 mikrons is, tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4m bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt van 'n draai is, of tydens 'n duik of terwyl dit uitklim of draai nie.

Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat-en droëboltermometer lesings soos deur 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Die byvoeging van 'n geskikte anti-wegdryfmiddel word aanbeveel indien die VMD van die druppels kleiner as 200-250 mikron is.
- Moet nie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande of gedeurende die hitte van die dag toedien wanneer stygende en dalende lugbewegings plaasvind nie.
- Moenie onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) toedien nie. Dit kan lei tot:
 - verminderde effektiwiteit as gevolg van die suspensie en verdamping van klein druppels in die lug (onvoldoende bedekking op teikenareas).
 - skade aan ander sensitiewe gewasse of nie-teikenareas as gevolg van die beweging van die spuitwolk weg van die teikenarea af.
- Moenie spuit indien die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

SIGNET 915 EC kan in 'n tenkmengsel met **Atrazine 900WG** (L 8890), **Cyclone** (L 8880) **Cyclone elite** (L 8881) of **Torpedo** (L 7655) deur middel van lugbespuiting toegedien word mits die spuitstof egalig oor die teikengebied versprei word en die verlies aan spuitmiddel tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

Verkry 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

Toediening deur spilpuntbesproeiing

SIGNET 915 EC kan in besproeiingswater vooropkoms (na plant maar vooropkoms van die onkruid of die gewas) toegedien word teen toedieningshoeveelhede soos op hierdie etiket aanbeveel.

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur weet presies watter lande gespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.
- Gebruik slegs spilpunte wat water egalig toedien.
- Berei 'n mengsel voor met 'n minimum van een deel water tot een deel onkruiddoder en spuit die mengsel met 'n positiewe verplasende pomp in die spilpuntsisteem in. Deur die inspuit van groter volumes van 'n meer verdunde mengsel per uur kan 'n meer akkurate kalibrasie van die meettoerusting verkry word.
- Handhaaf voldoende roering.
- Dien toe in 12,5 - 25 mm water. Gebruik die lae volume water (12,5 mm) op growwe tekstuurgronde en die hoë volume water (25mm) op gronde met 'n fyner tekstuur. Meer as 25 mm water met toediening mag die onkruiddoder dieper as die ontkiemingsone van die onkruid beweeg en sodoende onkruidbeheer nadelig beïnvloed.

Voorwaardes vir spilpuntoedienings:

- Dien slegs toe deur 'n spilpunt wat 'n terugsyferingsstelsel besit met kleppe wat die besoedeling na die bron sal verhoed gedurende die afsluit of oorloop van die oplossingstank.
- Spuit voor enige reghoekige draai op die hooflyn in om voldoende vermenging te verseker.
- Chemiese inspuitpompe en waterpompe moet ineengeskakelde beheermeganismes hê om gelyktydige afsluiting te verseker.
- Toediening wanneer wegdrywing 'n probleem mag wees, soos tydens winderige toestande, of as lasplekke of verbindings lek, of as spuitpunte nie egalige verspreiding lewer nie, mag gewasskade veroorsaak.
- Indien sprinkelaarspuitpatrone nie voldoende oorvleuel nie, kan swak onkruidbeheer verkry word. Indien sprinkelaarspuitpatrone egter oormatig oorvleuel, kan onaanvaarbare residue of gewasskade voorkom.

AANBEVELINGS EN TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

Vooropkomstoediening van SIGNET 915 EC in kombinasie met verskillende produkte:

SIGNET 915 EC kan onmiddellik na plant, maar vooropkoms met betrekking tot mielies en onkruid toegedien word, of dit kan net voor plant vlak in die grond ingewerk word. Dit kan ook as 'n na-opkomsbespuiting na 'n skoffelbewerking toegedien word.

Waar **geeluintjies** (*Cyperus esculentus*) 'n belangrike deel van die onkruidpopulasie uitmaak en die gewas die eerste helfte van die plantseisoen (voor 20 Oktober) geplant word, word dit aanbeveel dat **SIGNET 915 EC** vlak in die grond ingewerk word. Waar **geeluintjies** nie 'n probleem is nie of waar die

gewas tydens die tweede helfte van die plantseisoen (na 20 Oktober) geplant word, word die inwerk van **SIGNET 915 EC** nie aanbeveel nie.

Deurdat **SIGNET 915 EC** breëblaaronkruid onvoldoende beheer, word dit aanbeveel om 'n geskikte breëblaaronkruid in kombinasie met **SIGNET 915 EC** te gebruik. Die breëblaaronkruid kan of vooropkoms of na-opkoms toegedien word. Deurdat na-opkomsbehandelings meer doeltreffende asook meer betroubare beheer van veral diepontiende breëblaaronkruid soos *Datura* spp. en *Tribulus terrestris* gee, word na-opkomstoedienings verkies. Die verskillende kombinasies wat gebruik kan word, word in die volgende tabelle aangedui.

Die gebruik van SIGNET 915 EC in ou saadbeddings, minimumbewerkings- of stoppelbewerkingslande

- Waar minimum- of stoppelbewerking toegepas word, mag onkruid ten tye van plant, ontkiem het. Indien die gewas geplant word onder hierdie toestande of in 'n ou saadbed geplant word, waar die grasonkruid alreeds opgekom het en/of die breëblaaronkruid verder as die saailingstadium ontwikkel het, word dit aanbeveel om 'n toepaslike geregistreerde na-opkoms onkruid toe te dien wat hierdie onkruid sal beheer voor die gebruik van **SIGNET 915 EC**.
- By minimumbewerking of stoppelbewerking kan die digtheid van die stoppels en humus die werking van **SIGNET 915 EC** beïnvloed. Raadpleeg dus 'n verteenwoordiger van Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
- Die toedieningshoeveelhede hieronder aangegee, geld vir algehele dekbespuiting. In die geval van strookbehandeling op die rye moet die hoeveelheid onkruid toe in ooreenkomstig met die strookbreedte en rywydte bereken word.
- Verseker voldoende bemesting om die gewassaailinge kragtig te laat groei.

Toedieningsmetodes - inwerking

- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **SIGNET 915 EC** wanneer dit voor plant ingewerk word.

Gronde

- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **SIGNET 915 EC** indien die organiese materiaalinhoud van die grond 1% oorskry.
- Op gronde wat meer as 30% klei bevat, mag breëblaaronkruid nie voldoende vooropkomsbeheer word nie en behoort voorkeur aan na-opkomsbeheer van breëblaaronkruid gegee te word.
- Hierdie lae dosisse mag ook swakker breëblaaronkruidbeheer en korter nawerking op gronde met meer as 20% klei tot gevolg hê. Gevolglik behoort na-opkomsbeheer van breëblaaronkruid soos aanbeveel in Tabel 3 voorkeur te geniet wanneer wisselbou met gevoelige gewasse gedoen word.

Tabel 1: SIGNET 915 EC in 'n tenkmengsel met Torpedo SC vir breëspektrum vooropkoms onkruidbeheer in mielies.

GRONDTIPE	% KLEI	SIGNET 915 EC (mℓ/ha)	Torpedo SC (mℓ/ha)	ONKRUIDE WAT BEHEER SAL WORD	
Ligte sand/sand	0 - 10%	400-650	70	<i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Amaranthus hybridus</i>	Kruisvingergras Gewone misbredie
Leemsand/sandleem	11 - 20%	400-650	100	<i>Eleusine indica</i> <i>Chenopium album</i>	Jongosgras Withondebossie
Sandkleileem	21 - 30%	500-700	125	<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits
Sandkleileem/Sandklei	31 - 40%	600-700	150	<i>Echinochloa crusgalli</i> <i>Nicandra physilloides</i>	Hanepootmanna Basterappelliefie
Sandklei/Turf	41 - 50%	600-800	170		
Onderdrukking van:				<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie

Opmerkings:

- Raadpleeg die **Torpedo SC** etiket vir wisselbou-aanbevelings.

Tabel 2: SIGNET 915 EC in 'n tenkmengsel met Atrazine 900WG vir breëspektrum vooropkoms onkruidbeheer in mielies.

GRONDTIPE	% KLEI	SIGNET 915 EC (mℓ/ha)	Atrazine 900WG (kg/ha)	ONKRUIDE WAT BEHEER SAL WORD	
Ligte sand/ Sand	0- 10%	700-900	1.3-1.7	<i>Amaranthus hybridus</i> <i>Cyperus esculentus</i>	Gewone misbredie Geeluintjie
Leemsand/ Sandleem	11-20%	700-900	1.8-2.1	<i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Datura ferox</i>	Kruisvingergras Grootstinkblaar
Sandkleileem	21-35%	900-1000	2.2-2.5	<i>Tagetes minuta</i> <i>Eleusine indica</i>	Kakiebos Jongosgras
Sandkleileem/ Sandklei	36-40%	1000-1200	2.6-3.3	<i>Schkuhria pinnata</i> <i>Bidens pilosa</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Urochloa panicoides</i>	Klein kakibos Gewone knapsekêrel Porslein Beesgras

Opmerkings:

- Raadpleeg die **Atrazine 900WG** etiket vir wisselbou-aanbevelings.
- Gebruik die hoër dosis van **Atrazine 900WG** waar langer nawerking ten opsigte van breëblaaronkruid verlang word, veral dié wat laat in die seisoen ontkiem, soos **kakiebos** (*Tagetes minuta*) en **Grootstinkblaar** (*Datura ferox*).

Die vooropkomstoediening van SIGNET 915 EC gevolg deur 'n na-opkomstoediening van verskillende produkte.

Tabel 3: Die toedieningshoeveelheid van SIGNET 915 EC vooropkoms toegedien of voor-plant ingewerk, gevolg deur 'n vroeë na-opkomstoediening van spuitmengsels soos Cyclone, Cyclone Elite of Trooper SL (of kombinasies daarvan) volgens etiketaanbevelings.

		Vooropkoms	Na-opkoms gevolg deur:
GRONDTIPE	% KLEI	Signet 915 EC (ℓ/ha)	ALLE GRONDTIPES:
Sand/Leemsand/Sandleem	0-20%	0.7 – 0.9	of 0.35 ℓ/ha Trooper SL + 0.75 – 1.0 ℓ/ha Cyclone Elite of 0.5 L/ha Trooper SL + 1.1 kg/ha Atrazine 900 WG + 100-200 mℓ Partner per 100 ℓ spuitmengsel of 0.27-0.47 kg/ha Atrazine 900 WG + 0.4-0.7 ℓ/ha Cyclone + 0.18-0.35 ℓ/ha Acetak EC of 0.35 ℓ/ha Trooper SL + 0.4-0.7 ℓ/ha Cyclone + 0.27-0.47 kg/ha Atrazine 900 WG
Sandkleileem	21-30%	0.8 – 1.0	
Sandkleileem/ Sandklei	31-40%	0.95 – 1.1	
Sandklei/Turf	41-50%	0.95 – 1.3	

Raadpleeg die **Trooper SL**, **Atrazine 900 WG**, **Acetak EC**, **Cyclone** en **Cyclone elite** etikette vir die lys van onkruid wat beheer kan verwag word.

By die toepassing van hierdie na-opkoms behandelings, moet oorweging geskenk gegee word aan die instruksies en wisselbou-aanbevelings wat in elk van die etikette van die betrokke produkte wat gebruik word, verskyn.

Suikermielies:

- Moet nie die bogenoemde **Acetak EC**, **Cyclone**, **Cyclone Elite** en **Trooper SL** na-opkomsbehandelings as 'n opvolgtoediening of in kombinasie met **SIGNET 915 EC** op suikermielies gebruik nie.

Onkruid:

- *Cyperus esculentus*
Gebruik die hoër dosis van **SIGNET 915 EC** vir verbeterde beheer.
- *Digitaria sanguinalis*
Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **SIGNET 915 EC** waar hoë infestasies voorkom.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Atrazine 90 WG (L 8890)
Cyclone (L 8880)
Cyclone Elite (L 8881)
Torpedo (L 7655)
Trooper SL (L 6806)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.